

# NATIONAL MUSEUM NEWS NASIONALE MUSEUM NUUS

April  
1978  
Nr 14

Written requests for copies of this bi-annual newsletter should be addressed to the Editor, National Museum Newsletter, Box 266, Bloemfontein 9300. Articles may be reprinted with acknowledgement of the source.

## IN MEMORIAM



**OOM BERT MEYBURGH**

Mnr A.L. (Bert) Meyburgh, erekurator van die Museum se posseelversameling is skielik op 18 Maart in die ouderdom van 82 jaar oorlede. As filatelis was hy ook in die buiteland bekend en was ondermeer Voorsitter van die Vrystaatse Vereniging van Filateliste en Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Federasie van Filateliste. Die S.A. Federasie het aan hom 'n goue medalje toegeken vir sy versameling van seëls uit die Tweede Vryheidsoorlog en het in 1971 sy naam op 'n ererol geplaas.

Hy was in 1928 kaptein van die Vrystaatse rugbyspan.

In sy hoedanigheid as erekurator het hy vir die Museum reusewerk gedoen.

Die Museum se versameling van seëls van die Tweede Vryheidsoorlog asook pospapier is deur hom georden en persoonlik in sy netjiese sierskrif beskryf.

Ons sal hom mis as mens, vriend en filatelis en spreek ons diepste meegevoel uit teenoor sy eggenote en twee seuns met hul gesinne.

## WALVIS-FOSSIEL UIT S.W.A.

Mnr C.J. Boucher van Bloemfontein (foto regs) met die besondere vonds van 'n walvis-fossiel wat hy aan die Museum geskenk het. Dit is deur 'n vis-treiler met behulp van 'n sleepnet aan die kus van Suidwes uitgehaal en Mnr Boucher was byderhand om die fossiel vir die wetenskap te red. Dit is geïdentifiseer as die snoet van 'n pigmie-spermwalvis, waarskynlik *Kogia* sp.

## RAADSAAL - SKILDERY



On the 13th of March managers of the Colonial Mutual presented a print of the First Raadsaal of the Orange Free State to the National Museum. The painting of the Raadsaal is one of a series of historical monuments made by Don Madge and commissioned by Colonial Mutual.

From left to right on the photograph: Mr J.J. Oberholzer, Director of the National Museum. Mr B. van Sittert, local manager of Colonial Mutual and Mr J. Wagner, manager of the company.

## NUWE DOKTORE

*Drie personele van die Museum het onlangs doktorsgrade ontvang. Dr Rico Ferreira (regs), entomoloog, het sy tweede doktorsgraad behaal, terwyl dit vir die hepetoloog, Schalk de Waal (regs onder) en die paleontoloog Jacques van Heerden, 'n nuwigheid is.*

